# HOOFSTUK 2

## Emosionele intelligensievaardighede van die kleuter

### 2.1 Inleiding

Ten einde die impak van emosionele intelligensievaardighede op die kleuter binne `n speelgroep beter te begryp en te verstaan, moet die take en vaardighede wat die kleuter tot gesonde volwassewording moet ontwikkel, geïdentifiseer word. Onderskeid word volgens Botha et al. (2001:238) getref tussen fisieke, kognitiewe en selfkonsepontwikkeling en word daar ook verder tussen emosionele en sosiale ontwikkeling onderskei. Aangesien dit een van die doelwitte van die studie is om `n kennisbasis oor emosionele intelligensie-vaardighede met betrekking tot die kleuter in `n speelgroep op te bou, is daar nie verder vir die doeleindes van hierdie studie, aan die fisieke, kognitiewe en selfkonsepontwikkeling van die kleuter aandag gegee nie.

Die grondslag vir die kleuter se sosiale en emosionele ontwikkeling word van kleins af gelê. Die maniere waarop daar met die kleuter gekommunikeer word en die wyse waarop die kleuter teenoor die ouers en die wêreld reageer, word deel van sy/haar karakter (Pieterse, 2001:95).

Volgens Botha et al. (2001:243) word die kleuter se groeitempo nie net deur voeding en fisiese versorging beïnvloed nie, maar ook deur die emosionaliteit in sy/haar huislike milieu. Ernstige psigiese stres kan aanleiding gee tot vertraagde fisieke groei. Verskeie navorsers soos Van Niekerk (1999:2); Swanepoel (2004:53); Botha et al. (2001:243) is van mening dat `n tekort aan emosionele stimulering in die huislike milieu `n nadelige invloed op die kleuter se liggaamlike groei kan hê en weerstand teen siektes kan afneem. Die afleiding word ook deur Calitz (1998:40) gemaak dat kwaliteit emosionele betrokkenheid by die kleuter belangrik is vir optimale ontwikkeling.

Sosiale en emosionele intelligensievaardighede kan inderdaad beskou word as die basis van elke ander aspek van ontwikkeling (Pieterse, 2001:95). Navorser meen dat

speelgroepe `n groot bydrae kan lewer om te verseker dat kleuters emosioneel en sosiaal goed aangepas is.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die kleuter en die kleuterfase; emosionele intelligensie, sowel as emosies en emosionele ontwikkeling van die kleuter. Verder is daar gekyk na die impak van emosionele intelligensievaardighede op die kleuter binne `n speelgroep.

## 2. 2 Die kleuter en kleuterfase

### 2.2.1 Definisie van `n kleuter

Die kleuter kan gedefinieer word as `n jong kind in die vroeë kinderjare met `n ouderdom wat strek tussen twee en ses jaar. Verder meen Botha et al. (2001:238) dat aansienlike kognitiewe en fisiek-motoriese ontwikkeling in die tydperk plaasvind en dat talle ander vaardighede, onder andere sosiale en emosionele ontwikkeling tydens dié jare aangeleer word. Verskeie skrywers (Van Jaarsveld, 2003:185; Botha et al., 2001:239; De Klerk & Le Roux, 2003:22; asook Pieterse, 2001:96) stem saam dat die kleuter se ontwikkeling veral beïnvloed word deur die gesinsdinamika, sosiale invloede en die kultuur waarin die kleuter grootword.

### 2.2.2 Pre-primêre kleuterfase

Pre-primêre kleuterfase impliseer die laat kleuterjare, ongeveer vier jaar tot en met voorskoolse ouderdom (ses tot sewe jaar) aldus Swanepoel (2004:42) en Botha et al. (2001:238). Waar die kleutertydperk van ongeveer twee- tot sesjarige ouderdom strek, impliseer die bogenoemde periode dus laat kleuterjare tot en met skoolgaande ouderdom.

Piaget (in Louw, Van Ede & Ferns, 2001:378) verwys na hierdie tydperk as die pre-operasionele fase, dit wil sê die kind tussen die ouderdom van twee en sewe jaar. Vanaf twee tot vier jaar maak die kleuter gebruik van prekonsepetuele denke, waar sy/haar denkproses beide geheue en taal insluit. Blom (2004a:3) wys verder daarop dat die kleuter nou kan begin om basiese emosies te benoem, mits sy/haar opvoeders hom/haar aan

emosionele taal blootstel. Die kleuter kan egter nog nie logies oor emosies dink nie. Vanaf vier tot sewe jaar baseer die kleuter sy/haar denke op intuïsie, eerder as op logika. Die emosionele optrede in `n gegewe situasie is gebaseer op die kleuter se aanvoeling van wat reg of verkeerd is en daarom is sy/haar optrede dikwels nie logies nie (Blom, 2004a:3).

Erikson se psigososiale teorie handel oor die emosionele ontwikkeling van die mens (Meyer & Van Ede, 2001:51-57; Calitz, 1998:54). Die teorie impliseer dat daar agt fases in `n individu se lewe is waar ervarings spesifieke aanpassings vereis. Elke fase word gekenmerk deur ontwikkelingstake en interpersoonlike probleme wat ontlok is deur `n sekere interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing. Die wyse waarop die individu die aanpassings verwerk, sal sy/haar hantering van die volgende fase van emosioneel-sosiale ontwikkeling beïnvloed.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die derde fase, die fase van inisiatief teenoor skuld bespreek. Die derde fase strek vanaf drie-tot sesjarige ouderdom. Die fase word gekenmerk deur take wat die kleuter leer om inisiatief te toon en gelyktydig `n gevoel van skuld te onderdruk. Waar die kleuter se eie wil tydens die vorige fases onaanvaarbare gedrag en protesterende onafhanklikheid geïnspireer het, word inisiatief nou meer doelgeoriënteerd en selfaktiverend. Verder meen Meyer & Van Ede (2001:53) dat die kleuter se groter bewegingsvryheid en outonomie hom/haar in staat stel om selfstandiger op te tree. Die "ek" vervang die "nee" in die kleuter se motivering jeens aksies. Die kleuter put genot daaruit om oor mag te fantaseer en dit uit te speel. Geslagsverskille word prominent, terwyl die kind `n sin vir die self as óf manlik óf vroulik ontwikkel. Identiteit in hierdie fase is nou verweef met gevoelens van integriteit en tevredenheid met die eie liggaam (Swanepoel 2004:57).

### 2.2.3 Ontwikkelingstake en vaardighede van die kleuter

Die sukses waarmee die kleutertydperk deurloop word, is deurslaggewend vir die kleuter se vermoë om ontwikkelingstake en vaardighede wat in latere ontwikkelingstadia van sy/haar lewe voorkom, suksesvol te bemeester (Botha et al., 2001:238). Ontwikkelingstake

wat tydens die kleutertydperk bemeester moet word, is die volgende: (Vergelyk Botha et al., 2001:237; asook Pieterse, 2001:101.)

- liggaamlike ontwikkeling van die kleuter soos die fisiese groei van `n kleuter, en die wissel van tande;
- kognitiewe en motoriese ontwikkeling soos potloodbeheer, skop-en vang-vaardighede asook klim en klouteraktiwiteite van die kleuter;
- ontwikkeling van soorte geheue byvoorbeeld die kort- en langtermyngeheue;
- kleuters se numeriese vaardigheid sowel as die mate waarin kleuters oor metakognisie beskik;
- taalontwikkeling, met verwysing na taalbegrip en kommunikasievermoë;
- emosionele ontwikkeling, ten einde emosionele reaksies te herken en te interpreteer;
- sosialiseringsproses, en die manier waarop interpersoonlike verhoudings en sosiale interaksie verander;
- geslagsrolontwikkeling; en
- persoonlikheidsontwikkeling en selfkonsepontwikkeling, met die uitbreiding van die kleuter se denke en ervaringswêreld.

## 2.3 Emosionele intelligensie

### 2.3.1 Ontstaan van emosionele intelligensie

Oor jare het mense die intelligensiekwosiënt as maatstaf vir die aanduiding van `n persoon se intelligensie aangewend. Die behoefte het daarna ontstaan om verskillende soorte "intelligensie" te meet veral `n persoon se sosiale en emosionele intelligensie. Reeds in 1920 het Thorndike en sy medewerker Stern die terreine, soos sosiale en emosionele intelligensie, geidentifiseer. Vir die daaropvolgende halfeeu het die emosionele intelligensie navorsing nie verder gevorder nie, waarskynlik omdat die behavioristiese fokus naamlik gedrag in die psigologie belangrik geword het; aldus Lotter (2004:4); Van Jaarsveld (2003:11).

Die term "emosionele intelligensie" is eers in 1990 deur twee teoretici, Salovey en Mayer geformuleer. In 1995 verskyn Goleman se boek oor emosionele intelligensie. Hierdie baanbrekerswerk verleen aan hom die erkenning as vader van emosionele intelligensie. Goleman het wegbeweeg van die teoretiese fokus en het meer aandag aan die toepassing van emosionele intelligensie in die sake-en bestuurswêreld gegee. (Vergelyk Lotter, 2004:4; Van Jaarsveld, 2003:13.)

`n Gebore Suid-Afrikaner Reuven Bar-On is vandag se groot eksponent van emosionele intelligensie. Aldus Bar-On (2004:2) is emosionele intelligensie die vermoë om emosies te hanteer en jou eie impulse te beheer. Dit behels die vermoë om aan te pas by verandering en probleme van persoonlike of sosiale aard op te los.

### 2.3.2 Definisie van emosionele intelligensie

Die "Emotional Competence Inventory" (in Bar-On & Parker, 2000:323) definieer emosionele intelligensie as volg: "capacity for recognising our own feelings and those of others, for motivating ourselves, and for managing emotions well in ourselves and in our relationships."

Emosionele intelligensie is volgens Pieterse (2001:104) die vermoë om jou eie en ander se gevoelens reg te vertolk en gepas daarvolgens op te tree. Sodoende is kleuters wat in voeling is met hul eie emosies, die emosies van ander kan "lees", en hulle eie optredes en houdings by verskillende omstandighede kan aanpas, suksesvol in die lewe. Goleman (1995:80) meen: "Emotional intelligence is a master aptitude, a capacity that profoundly affects all other abilities, either facilitating or interfering with them."

In ooreenstemming met die Bar-On model (Bar-On, 2004:3) is emosioneel intelligent wees: "to effectively understand and express oneself, to understand and relate well with others, and to successfully cope with daily demands, challenges and pressures."

Volgens navorser is emosionele intelligensie dus daardie deel van sosiale vaardighede wat die vermoë beteken om bewus te wees van emosies, om dit te besit, dit te benoem, te

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

ervaar en te verstaan sodat hierdie kennis benut kan word om eie emosies en andere se emosies akkuraat waar te neem. Die kleuter kan dus bewus gemaak word van die emosies en gehelp word om dit te verstaan sodat hy/sy kennis en vaardighede kan aanleer wat hy/sy op pad na en tot in volwassenheid, nodig sal kry.

### 2.3.3 Bevoegdhede van emosionele intelligensie

Emosionele intelligensie kan volgens Goleman (1995:46); en du Toit in Lotter (2004:1) in die volgende vyf bevoegdhede verdeel word:

- Bewustheid van eie emosies of selfbewussyn

  Selfbewussyn beteken die identifisering en benoeming van `n persoon se emosionele toestand om die skakel tussen emosies, denke en aksie te verstaan. Du Toit (soos aangehaal deur Lotter, 2004:1) gee die volgende verdeling:

  - emosionele bewussyn (herkenning van emosies en hulle effek);
  - self-beoordeling (ken eie sterktes en swakhede); en
  - self-vertroue (gevoel van eie waarde en vermoë).

  Goleman (1995:95) beskryf selfbewussyn as: “having a deep understanding of one`s emotions and how their feelings affect them.”

- Selfregulering

  Goleman (1995:96) meen: “Self-regulation, which is like an ongoing inner conversation, is the component of emotional intelligence that frees us from being prisoners of our feelings. It is to find ways to control and even channel emotions in useful ways.” Selfregulering is dus die bestuur en beheer van `n persoon se emosionele toestand (Du Toit in Lotter, 2004:1) en is:

  - self-beheer (hou ontwrigtende emosies en impulse onder beheer);
  - betroubaarheid (handhawing van standaarde van eerlikheid);
  - pligsgetrouheid (verantwoordelikheid neem vir eie optrede); en
  - aanpasbaarheid (by verandering, gemaklik met nuwe idees).

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

- Motivering

  Verder meen Goleman (1995:105) dat: “people who possess self-motivation are driven to achieve beyond expectations.” Du Toit (in Lotter, 2004:2) beskryf motivering as die dryfveer om iets reg te kry om suksesvol te wees. Die volgende word met motivering bedoel:
  - prestasiebedryf (om `n standaard van uitnemendheid na te streef);
  - verbondenheid (emosioneel) en betrokkenheid (gedrag) “commitment” (aanvaar doelwitte van groter groep);
  - inisiatief (gereed om geleenthede te benut); en
  - optimisme (volharding in doelwitnastrewing ten spyte van hindernisse of teëspoed).

- Empatie

  Om ander se emosies te “lees”, en om sensitief vir ander se emosies te wees en om emosies te beïnvloed kan as aspekte van empatie gesien word. Vir Hein (2005:12) beteken empatie om met `n ander persoon se gevoelens te identifiseer of jouself emosioneel in die ander persoon se plek te stel of in te leef. Empatie kan soos volg ingedeel word:
  - begrip vir ander (sensitiwiteit vir ander se gevoelens, belangstelling in ander se sake); en
  - bemagtiging van ander (bewus van ander se ontwikkelings- behoeftes en versterkings van vermoëns aldus Du Toit (in Lotter, 2004:2).

- Bestuur van sosiale vaardighede

  Om sosiale vaardighede te bestuur beteken om interpersoonlike verhoudings aan te moedig en te hanteer. Verder gee Lotter (2004:2) die volgende riglyne:
  - invloed uitoefen (oorredingsvermoë);
  - konflik bestuur (onderhandel en los probleme op);
  - leierskap openbaar (inspireer en lei ander, beide individue en groepe);
  - bevorder verandering (inisieer of bestuur verandering);
  - verhoudings versterk (koester belangrike verhoudings); en

- samewerking (werk saam met ander aan gemeenskaplike doelwitte).

Goleman (1995:111) omskryf sosiale vaardighede as: "handling interpersonal interaction, conflict resolution, and negotiations."

### 2.3.4 Kommunikasie as subveld van emosionele intelligensie

Vervolgens wys Hein (1996:52) dat kommunikasie as subveld van emosionele intelligensie-vaardighede belangrik is:

> *we actually make things much easier on ourselves and others when our language is clear, direct and precise. When our words and our non-verbal communication is consistent, we gain respect because we come across as having integrity. Clear, honest communication is helpful in personal relationships and essential to a society. We are all better off when we all follow the old rule: "Say what you mean and mean what you say."*

Verder meen Hein (1996:53) dat studies bewys het dat tot negentig persent van kommunikasie nie-verbaal is, en dus word daar tot negentig persent van emosies nie-verbaal weergegee. "When we communicate non-verbally our bodies are literally expressing themselves." Deur die oë kan uitdrukkings soos energie of emosies soos hartseer waargeneem word. Die oë wys ook wanneer kleuters verveelheid, angs, verrassing of ongeloof beleef. Gesigsuitdrukkings druk uit wat soms nie op `n verbale wyse weergegee word nie soos lippe bewe of voorkop wat frons. So ook is daar tekens wat die res van die liggaam deur nie-verbale kommunikasie weergee byvoorbeeld vingers wat tik uit verveeldheid, gekruiste bene en arms om afstand te hou.

Kleuters kan baie sterker as volwassenes nie-verbaal kommunikeer en is skerp om nie-verbale taal te lees. Nie-verbale kommunikasie verwys na stemtoon, gesigsuitdrukkings, handbewegings, oogkontak en lyftaal wat deur kleuters maklik en vinnig gelees word. Van Jaarsveld (2003:17) meen dus hóe jy iets sê is belangriker as wát jy sê. Sodoende meen Blom (2000:103) dat die voorskoolse kleuter as leidraad vir die identifisering van emosies fokus op dit wat hy/sy konkreet sien, soos gesigsuitdrukkings en liggaamshoudings.

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

Kommunikasie van goed ontwikkelde emosionele intelligensievaardighede is na Lotter (2004:2) se mening dat daar onbevooroordeeld geluister word na ander asook die stuur van oortuigende boodskappe. Verder meen Van Jaarsveld (2003:173) en Geldard & Geldard (2002:57) dat oogkontak noodsaaklik is vir doeltreffende kommunikasie.

### 2.3.5 Gedrag van kleuters met lae emosionele intelligensievaardighede

Ten einde die emosionele intelligensievaardighede van `n kleuter te verstaan, het Hein (1996:131) die volgende gedrag by kleuters met lae emosionele intelligensievaardighede geïdentifiseer:

- neem geen verantwoordelikheid vir hulle gevoelens nie;
- kan nie vertel hoekom hulle voel soos hulle voel nie;
- val aan, blameer en kritiseer ander persone;
- val andere in die rede;
- veroordeel en beskuldig ander mense ;
- vertel leuens;
- raak passief moed verlore;
- het woede uitbarstings;
- sterk oor relatief onbenullighede reageer;
- min empatie teenoor ander mense; en
- voel onseker en tree verdedigend op.

In meeste gevalle weet die kleuter nog nie van beter nie en is dit juis wat navorser vir die kleuters wil leer om goed ontwikkelde emosionele intelligensievaardighede te openbaar.

### 2.3.6 Gedrag by kleuters met goed ontwikkelde emosionele intelligensievaardighede

Daarteenoor het Hein (1996:136) die volgende gedrag by kleuters met goed ontwikkelde emosionele intelligensievaardighede geïdentifiseer:

- duidelike en direkte uitdrukking van gevoelens;
- balanseer gevoelens met rede, logika en realiteit;
- voel bemagtig;
- doen wat gedoen moet word omdat daar `n wil is om dit te doen;
- is gemaklik om oor eie gevoelens te kommunikeer;

- stel belang in ander mense en hul gevoelens;
- verwag om sukses te bereik;
- herken, erken en bestuur eie en ander se gevoelens;
- laat hul gevoelens leiding neem deur hulle lewe; en
- is nie bang om gevoelens uit te druk en te verbaliseer nie.

Scharfe (in Bar-On & Parker, 2000:244-258) meen dat met verskeie studies wat gedoen is, die navorsers se bevinding dieselfde is as bogenoemde en dat: “a high level of emotional intelligence tended to be emotionally expressive, have understandings of emotions, and have abilities to regulate emotions.”

## 2.4 Emosies en emosionele ontwikkeling

### 2.4.1 Definisie van emosies

Strydom (1999:11) se opsommende definisie van emosies is soos volg: “Emosies is reaksies op `n gebeurtenis in die omgewing wat geëvalueer word deur `n aktiewe kognitief-fisiologiese-gedragsisteem wat uniek is vir elke individu.”

Emosies soos Hein (1996:14) dit weergee is: “the way our bodies talk to us and tell us what they need to be healthy and happy.”

Navorser meen dus emosie is die mens se innerlike stem. Emosies is die gevoelens wat `n persoon beleef in sy alledaagse gesitueerdheid en word ervaar op reaksie van die gedrag van ander. Daar is `n verskeidenheid van emosies wat in verskillende situasies ervaar word.

Alle emosies en gevoelens is aanvaarbaar, maar De Klerk & Le Roux, (2003:41) wys daarop dat nie alle gedrag aanvaarbaar is nie. Dit is juis wat navorser aan die kleuters wil leer - emosies is nie gelykstaande aan gedrag nie. Alle emosies is goed omdat hulle inligting verskaf en motiveer. Emosies is aansteeklik en kan in intensiteit toe- of afneem. (De Klerk & Le Roux, 2003:41). Gedrag daarteenoor is die manier waarop iemand hom

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

gedra of voordoen. Dit is die handelswyse van `n persoon. Verder wys Averill (in Bar-On & Parker 2000:287): "Emotional responses are what a person thinks, feels and does when in an emotional state."

### 2.4.2 Emosionele ontwikkeling van die kleuter

Die emosies wat kleuters beleef is intens, van korte duur en afwisselend. Verder meen Botha et al. (2001:271) dat die sukses waarmee die kleuter sy/haar omgewing bemeester, sy/haar persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed. Indien hy/sy nie die omgewing suksesvol hanteer nie, kan hy/sy moed verloor en passief raak.

Volgens Oaklander (1988:281) en Blom (2004a:20) is kleuters soms nie eens bewus daarvan dat hulle nie goed voel oor hulleself of dat hulle nie hul emosies kan uitdruk nie. Gedrag van kleuters wat nie goed voel oor hulself nie manifesteer deur optredes soos:

- nie hul eie idees vertrou nie;
- onttrek en nie deursettingsvermoëns het nie;
- perfeksionistiese optrede;
- oordrewe spoggery;
- aandagsoekerige gedrag byvoorbeeld om soos `n "nar" op te tree;
- andere te terg; of
- andere vir gebeure in hulle lewe te blameer.

Deur emosies te beheer, beteken nie om dit te onderdruk nie. De Klerk & Le Roux, (2003:41) meen dat onderdrukking van emosies onder andere die volgende gevolge vir die kleuter kan inhou:

- obsessiewe gedrag, byvoorbeeld ooreet;
- onvanpaste optrede, byvoorbeeld woedeuitbarstings; of
- liggaamlike siektes, byvoorbeeld hoofpyn, maagpyn, en verkoues (psigo-somaties).

Hoewel elke kind oor `n bepaalde stel vermoëns in sy/haar emosionele lewe beskik, speel rolmodelle `n groot rol in die ontwikkeling van sy/haar emosionele bevoegdheid. `n Leemte aan emosionele bevoegdheid gee direkte aanleiding tot interaksionele problematiek by

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

kleuters. Dit sluit onder meer in onreëlmatige patrone van emosionele uitdrukking, begrip en regulering. `n Kleuter wat nog nie oor emosionele bevoegdheid beskik nie, sal vir `n persoon antwoorde op vrae verskaf, op grond van wat hy/sy dink die persoon wil hoor, of wat van hom/haar verwag word, net sodat hy/sy verder kan gaan speel. (Vergelyk Botha et al., 2001:285; Swanepoel, 2004:55.)

Emosionele uitdrukkings word kompleks en brei uit gedurende die pre-primêre kleuterfase. Kleuters se emosies verskil wel in intensiteit, voorkoms, en duur. Elke kleuter het ook `n unieke predominansie van positiewe teenoor negatiewe emosies, en die tempo waarmee hulle emosioneel raak in `n uitlokkende situasie verskil van kleuter tot kleuter. Hierdie is die kernaspekte in die verstaan van `n voorskoolse kleuter se emosies en emosionele uitdrukking in die algemeen (Swanepoel, 2004:55).

Die geneigdheid bestaan by kleuters om dissipline, opinies, gesag en grense te toets, ten einde `n duidelike beeld te kry van wat van hulle verwag word en hoe om in `n bepaalde situasie op te tree. Koppigheid, toorn en woede word algemeen by die kleuter veroorsaak deur die dwarsboming van sy/haar wil, onderbreking van sy/haar spel, eie onbekwaamheid of onvermoë, as hy/sy nie sy/haar sin kry nie, en deur beperkings van sy/haar fisieke beweging. (Vergelyk Botha et al., 2001: 271; Swanepoel, 2004:55.)

Die hantering van emosies is dikwels problematies van aard, omdat kleuters en volwassenes nie erkenning aan sekere emosies wil of kan gee nie en dit ontken of in die onderbewussyn "versteek". Emosies bring ook vreugde en pyn en moet uiters sensitief benader word. Sodoende meen Yssel (1999:38) dat `n kind se belewing van eie emosies `n dramatiese invloed op sy/haar sosiale, kognitiewe en selfs fisieke funksionering het.

Navorser se mening in verband met emosionele ontwikkeling van die kleuter is dat indien kleuters gehelp word om emosies op `n positiewe wyse te hanteer, daar beter optimale ontwikkeling tot volwassewording en verantwoordelike volwassenheid sal wees.

### 2.4.3 Basiese emosies

Basiese emosies wat die kleuter kan beleef, is die volgende (Botha et al., 2001:271-287):

- Gelukkigheid

Kleuters gee op spontane wyse uiting aan hulle emosies soos om rond te spring, hande te klap, rond te hardloop, uitbundig te lag, te skreeu, hard te praat en geliefdes spontaan te omhels om hulle vreugde en opgewondenheid te toon. Positiewe emosies soos huppel, `n gelukkige en tevrede glimlag op die kleuter se gesig, lei tot `n ontspanne en gelukkige atmosfeer. Navorser meen dat hierdie positiwiteit belangrik is vir die optimale groei en ontwikkeling van die kleuter. Verder meen Botha et al. (2001:273) dat met verloop van die sosialiseringproses word kleuters egter geleer om hulle emosies te beteuel of te onderdruk. Navorser meen om gelukkig te wees, is om tevrede te wees met wat jy het en is.

- Kwaad, woede en aggressie

Volgens die HAT (2000:490) word kwaad gedefinieer as: dit wat sleg, verkeerd, skadelik of boos is.

Woede word deur Oaklander (1988:208) beskryf as: “an honest, normal feeling.” Reber (soos aangehaal deur Botha et al., 2001:276) meen dat woede verwys na `n sterk emosionele reaksie wat ontlok word deur situasies soos fisiese inperkinge, inmenging, verwydering van jou besittings en om aangeval of gedreig te word. Navorser meen dat woede `n emosie is wat gekenmerk word deur gevoelens van misnoeë, vyandigheid, toorn en wraaksug. Dit is dikwels die manier waarop uiting aan ontevredenheid gegee word.

Kleuters leer egter deur sosialisering dat gedrag soos woede-uitbarsting, weerstandbieding en hardkoppigheid nie aanvaarbaar is nie. Die aanleer van emosionele beheer is noodsaaklik vir `n kleuter se huidige en latere sosiale ontwikkeling (Botha et al., 2001:276).

Aggressie is die fisieke of verbale gedrag wat daarop gemik is om ander leed aan te doen of te benadeel. Botha et al. (2001:277) meen dat daar in gedagte gehou moet word dat die sporadiese aggressiewe interaksie tussen jong kleuters normaal is en te wagte kan wees.

Hierdie dispute tussen kleuters is `n kenmerk van hulle ontwikkelende selfdefiniëring en waarskynlik hulle onkunde oor hantering van situasies. Dit is wat navorser vir die kleuters wou leer om die situasies op `n emosioneel intelligente manier te hanteer.

- Vrees, angs en bang wees

"The unique function of fear is to motivate escape from dangerous situations. Fear anticipation motivates avoidance behavior which can involve flight or result in freezing" (Izard & Ackerman in Lewis & Haviland-Jones, 2000:260).

Die mening van Calitz (1998:55) en Oaklander (1988:238) is dat indien die kleuter vrees ervaar, dit binne sy ontwikkelingstake erken en aanvaar, gerespekteer en hanteer moet word. Vrees is in verskillende vorme en intensiteite by die kleuter teenwoordig en elkeen ontwikkel sy/haar eie unieke wyse om dit te hanteer. Botha et al. (2001:272) wys verder daarop dat die kleuter se vrees vir honde, geraas, skielike bewegings, pyn en vreemde voorwerpe en persone afneem namate hulle ouer word. Daar is egter `n toename in vrese vir die donker, kreature van die verbeelding, vuur en water by die ouer kleuters.

Verder wys Botha et al. (2001:273) dat daar aanduidings is dat die kleuters skeiding met hulle ouers traumaties beleef en dat dit hulle latere aanpassing en funksionering kan beïnvloed. Die kleuter steek egter sy/haar vrese weg en onderdruk dit as gevolg van die eksterne boodskap wat hy/sy kry. Om bang te wees is sosiaal onaanvaarbaar. Die onderdrukking kan manifesteer in nagmerries, enurese, hakkel, grootpratery en luidrugtigheid (Calitz, 1998:55).

- Hartseer of ongelukkig

Hartseer beteken om verdrietig, of bedroef te voel. Ongelukkig is wanneer daar teëspoed beleef word, jammerte of ellendigheid gevoel word (HAT, 2000:590). Blom (2004a:3) wys daarop dat die kleuter wat nie kan praat oor hulle emosies nie, `n gebrek aan motivering openbaar en `n verlies aan beheer ervaar.

Die mening van Tomkins (in Lewis & Haviland-Jones, 2000:259) is dat: "sadness communicates to the self and to others that there is trouble. Sadness may often be the key emotion in the personal distress that plays a key role in empathic, sympathetic and altruistic behavior."

Hierdie is die basiese emosies wat kleuters gewoonlik kan benoem en beskryf. Navorser meen dat wanneer kleuters bewus is van hul eie emosies dit dan kan lei tot verhoogde selfbewussyn.

### 2.4.4 Komplekse emosies

Verder beklemtoon Botha et al. (2001:285) ook komplekse emosies. Komplekse emosies is egter moeilik vir kleuters om te identifiseer. Hierdie emosies omsluit skaamte, verleentheid, skuldgevoelens, trots en jaloesie, asook om berou te toon. Scholl (2005:1) voeg hierby verdere emosies soos teleurstelling, opgewondenheid, verveling en frustrasie. Wanneer die kleuter hierdie komplekse emosies ervaar, kan van die volgende liggaamlike reaksie volgens Blom (2000:156) waargeneem word:

- verandering in bloeddruk;
- die gesig word rooi (bloos);
- vinnige hartklop;
- hande bewe; of
- sweet op voorkop word waargeneem.

Komplekse emosies maak hulle verskyning eers later by kleuters en volgens Blom (2004a:4) begin die voorskoolse kleuter eers met die vermoë tot desentrasie. Dit beteken dat die kleuter nog nie oor die vermoë beskik om op meer as een aspek van `n saak op `n slag te fokus nie. Verder is Botha et al. (2001:285) van mening dat hierdie emosies, elkeen `n samevoeging van twee of meer basiese emosies is. So is trots byvoorbeeld die ervaring van die emosies bly en geluk wat gelyktydig ervaar word.

`n Ander komplekse emosie wat in die vroeë kinderjare sy verskyning maak, is empatie aldus Botha et al. (2001:286). Met empatie word bedoel dat `n persoon begrip vir `n ander

se gevoelens en situasie openbaar. Empatie word deur Wikipedia (2005:3) soos volg gedefinieer: "Empathy is awareness of the thoughts, feelings, or state of mind of others, perhaps some degree of various experience of other`s feelings or mental states. We instinctively identify with the other human or animal experiencing something positive or negative."

Indien kleuters empatie toon, is hulle in staat om hulle besorgdheid te verbaliseer. Verder wys Singer & Singer (2002:79) daarop dat: "sensitivity to other people`s feelings is the foundation of empathy which is essential to healthy emotional intelligence development. By allowing us to experience things from another`s point of view, it helps us to negotiate compromises, forgive others, share and enjoy genuine caring."

Van Jaarsveld (2003:208) wys daarop dat `n kind wat vir ander omgee, meer vriende het. `n Daad van omgee gaan hand aan hand met `n gevoel van behoort en trots. Dit verhoog weer die produksie van gesonde hormone in die liggaam, en betekenisvolle emosionele intelligensievaardighede word daardeur verkry. Geldard & Geldard (2002:25) noem die hiërargie van behoeftes wat Maslow opgestel het om die menslike behoeftes beter te verstaan. Net soos die fases van Erikson se emosionele ontwikkelingsteorie word daarop gewys dat elke fase of behoefte bereik en afgehandel moet word alvorens daar na die volgende fase of behoefte beweeg kan word.

Die mening van Calitz (1998:67) is dat die kleuter wat aktief en konstruktief uiting aan sy/haar emosie kan gee en met empatiese begrip teenoor ander se emosies kan reageer, as `n gebalanseerde individu by sy/haar omgewing sal inskakel.

### 2.4.5 Emosionele ontwikkeling

Die emosionele ontwikkeling van die kleuter in die vroeë kinderjare word volgens De Klerk & Le Roux (2003:23) en aangevul deur Pieterse (2001:101) soos volg omskryf:

Twee- tot driejarige ouderdom kleuters reageer soos volg:

- op frustrasie deur te huil, te skop en te byt;

- op teregwysiging deur woede-uitbarstings; en
- kan gevoelens verbaliseer en oor emosies nadink.

Verder op vier– tot vyfjarige ouderdom:

- ontwikkel die kleuter innerlike (self) gesprek wat die kognitiewe beheer beïnvloed;
- die kleuter leer ingesteldhede rakende reg en verkeerd;
- vrese ontstaan dat mense vir hom/haar sal lag;
- verskillende vrese is kenmerkend van hierdie ouderdom byvoorbeeld vrees vir die donker en diere, spoke en negatiewe fantasiekarakters;
- dit is vir die kleuter belangrik om gehoorsaam te wees en hulle floreer op lof; en
- kleuters ervaar dieselfde emosies as volwassenes en gee onbeteuelde uitdrukking daaraan.

Ses- tot sewejarige kleuter se optredes is soos volg:

- groepsbetrokkenheid en reëlgebonde spel;
- wil "in" wees en goedkeuring van maats word belangrik;
- wedywering met maats neem toe;
- leer van kompromie en onderhandelinge;
- floreer op erkenning en aandag; en
- begin gesag bevraagteken veral as die kleuter nie saamstem oor die konsekwentheid van die toepassing van dissipline nie.

Volgens Erikson se teorie soos deur Meyer & Van Ede (2001:54) beskryf behoort 'n kleuter die take te bemeester wat op die derde fase van emosionele ontwikkeling gekenmerk word. Die take sluit onder andere die vermoë in om:

- inisiatief te toon;
- om `n gevoel van skuld te onderdruk; en
- sosiale modaliteit.

Dit beteken dat die kleuter die vorige twee fases se take, naamlik basiese vertroue teenoor wantroue (sintese: hoop) en outonomie teenoor skaamte en twyfel (sintese: wilskrag) suksesvol moes bemeester het.

Met betrekking tot sosiale modaliteite tree daar in die derde ontwikkelingsfase naamlik inisiatief teenoor skuld (sintese: doelgerigtheid) vir die eerste keer `n verskil tussen seuns en meisies in. Seuns poog om op `n aktiewe wyse in die omgewing en in die sfeer van ander individue in te dring, teenoor meisies wie se sosiale verhoudings deur innemendheid gekenmerk word.

Die kleuter se indringing in die wêreld bring hom dikwels in situasies waar hy/sy teen die reëls van die samelewing en op die terrein van ander individue oortree. Dit lei tot skuldgevoelens wat hulle dan moet hanteer aldus Meyer & Van Ede (2001:55). Die gevolgtrekking waartoe Calitz (1998:55) kom is dat geslagsrolidentiteit `n belangrike ontwikkelingstaak in die kleutertydperk is. Gedragswyses wat die kleuter se verhouding met die sosiale omgewing bepaal, word gevorm. Die kleuter moet dus gemotiveer word tot volgehoue eksplorasie om sy/haar kreatiwiteit te stimuleer.

Navorser meen ook dat die kleuter voortdurend opbouende kritiek moet geniet vir aktiwiteite wat hy/sy inisieer om gevoelens van skuld te voorkom. Die kleuter is sensitief vir gevoelens en daar moet teen gewaak word om hom/haar te manipuleer. Die gedrag sal dan gerig wees op skuld en nie spontane inisiatiewe optrede nie.

Verder beklemtoon Blom (2004b:95) die volgende vlakke van emosionele bewustheid by `n kleuter tydens emosionele ontwikkeling:

| | |
|---|---|
| Gevoelloosheid: | kleuter ervaar geen emosies nie; |
| Fisiese sensasies: | kleuter ervaar fisiese sensasies, maar nie emosies nie; |
| Primitiewe ervaring: | kleuter is bewus van emosies, maar ervaar `n verhoogde vorm van versteurde energie en kan nie gevoelens verbaliseer nie; |

| | |
|---|---|
| Verbale versperring: | kleuter is bewus van emosies, maar het nie `n emosionele woordeskat om dit te benoem nie; |
| Differensiasie: | kleuter raak bewus van verskil tussen basiese emosies en begryp dit kan in verskillende intensiteite voorkom; |
| Oorsaaklikheid: | kleuter begin die aard van gevoelens verstaan en is in staat om redes aan gevoelens te koppel; en |
| Empatie en interaktiwiteit: | kleuter is bewus van emosies in hom/haarself en andere en kan eie en andere se emosies bestuur. |

**2.5 Die impak van emosionele intelligensievaardighede op die kleuter**

**2.5.1 Definisie van impak**

Impak beteken die gevolge, effek of uitwerking van 'n sekere handeling (HAT Woordeboek 2000:145). Vir die doel van hierdie studie is dit die impak van emosionele intelligensie-vaardighede op die kleuter binne `n speelgroep.

Die impak van emosionele intelligensievaardighede vir die kleuter volgens Blom (2004a:4) is dat dit voordele inhou soos:

- emosionele en sosiale bevoegdheid;
- goeie gedrag by die skole en tuis;
- sy vermoë om te leer verhoog;
- verhoogde bewussyn van emosies;
- meer konstruktiewe emosionele beheer en selfkontrole;
- verhoging in die kleuters se sin vir verantwoordelikheid;
- vermoë om empatie te kan toon; asook
- verbetering in die vermoë om verhoudings te begryp, te analiseer en in stand te hou.

**2.5.2 Belangrikheid van emosionele intelligensievaardighede**

Voldoende bewyse bestaan dat emosionele kenmerke soos selfbeheersing, om verhoudings te bestuur, selfbewustheid, en empatie reeds by kleuters vasgelê kan word

voordat hulle skool toe gaan. Van Jaarsveld (2003:197) meen dat hierdie kenmerke die kind help om meer selfversekerd te wees en nie impulsief op te tree nie. Dus ontstaan die vraag hoekom emosionele intelligensievaardighede dan so belangrik is? Die antwoord op die vraag word deur Human Dimensions (2005:4) soos volg beantwoord:

- emosionele intelligensievaardighede word beïnvloed deur die vermoë om die daaglikse eise van die lewe effektief te hanteer;
- goeie leierskapsvaardighede word verkry;
- leiers is meer suksesvol en het ook groter morele waardes;
- emosionele intelligensie is die belangrikste element in groepsituasies. Talente word gedeel en kreatiwiteit verhoog; en
- hantering van emosionele stres soos irritasies wat verwerk word, frustrasies, beheer wat verloor word, seergemaakte gevoelens, depressie word beter hanteer en verwerk.

### 2.5.3 Eienskappe van emosionele intelligensievaardighede

Eienskappe van \`n kleuter met goed ontwikkelde emosionele intelligensievaardighede is volgens Pieters (2001:107):

- \`n kleuter wat praat oor sy/haar emosies;
- die kleuter wat empatie met ander betoon;
- die kleuter wat optimities is en selfvertroue het;
- die kleuter wat sy/haar eie probleme ouderdomsgepas kan oplos;
- die kleuter wat luister met aandag; en
- die kleuter wat hom/haarself in \`n groep van sy/haar eie ouderdom laat geld.

### 2.5.4 Insig deur die aanleer van emosionele intelligensievaardighede

Waardevolle insigte word by kleuters tuisgebring indien emosionele intelligensie-vaardighede ontwikkel word. Dit was ook die doel om die vaardighede van die kleuters wat by die studie betrek is, te ontwikkel en die insigte by hulle tuis te bring. De Klerk & Le Roux (2003:24) noem die volgende as voorbeelde:

- Selfkennis en die kweek van `n gevoel van eiewaarde

  Dit is die besef dat die kleuter sekere eienskappe het wat dieselfde is as ander kleuters, maar dat hy/sy ook unieke kenmerke het. Selfvertroue word gekweek deur dinge te doen en self te probeer, deur te waag en te eksperimenteer. (Vergelyk De Klerk & Le Roux, 2003:24; Neethling 1999:93.)

- Selfaanvaarding en selfgelding

  Deur te wil leer en te groei is die kleuter bereid om te waag. Die kleuter hoef nie altyd reg te wees of te slaag nie. Dus mag hy/sy foute maak aangesien dit leergeleenthede is. Selfgelding moet selfrespek en respek vir ander mense insluit. Dit beteken om te mag "nee" sê vir onregverdige versoeke, behoeftes of begeertes. Dit is die manier waarop dit gedoen word wat belangrik is. (De Klerk & Le Roux, 2003:35).

- Selfbewussyn en gevoelens

  Selfbewussyn is die vermoë om te weet wat binne en buite die self gebeur, asook die kennis hoe om op hierdie gevoelens te reageer. Een van die belangrikste vaardighede van emosionele intelligensie is die vermoë om emosioneel bewus te wees van eie gevoelens en die hantering daarvan op `n positiewe manier. Dit beteken om gevoelens in die self en in ander korrek te kan waarneem. Eie fisieke simptome in die liggaam moet herken word en dan moet woorde aan daardie gevoelens gekoppel word. `n Gevoelswoordeskat met die emosionele betekenis daarvan moet aangeleer word. (Vergelyk De Klerk & Le Roux, 2003:41; Van Jaarsveld, 2003:205; Hein, 1996:44.)

- Kommunikasie as `n emosionele intelligensievaardigheid

  Mense is sosiale wesens wat voortdurend met mekaar in interaksie verkeer. Daarom wys De Klerk & Le Roux (2003:54) daarop dat dit vir elke kleuter belangrik is om goeie en doeltreffende kommunikasievaardighede aan te leer.

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

- Empatie

  Die doelwit van empatie is om iemand anders se wêreld te begryp, die persoon te ondersteun, misverstande te voorkom en die persoon aan te moedig om oor sy behoeftes te praat. Verder word daar gemeen dat kleuters geleer moet word wat die mees aanvaarbare manier is om hul gevoelens te lug en hoe om op ander mense se gevoelens te reageer. (Vergelyk Neethling, 1999:102; Geldard & Geldard, 2002:142.) Volgens Van Jaarsveld (2003:179) kan een van hierdie maniere geskied deur die aanleer van "ek-boodskappe" en kan die kind presies vertel hoe hy/sy voel byvoorbeeld terneergedruk, hartseer of teleurgesteld.

- Emosionele beheer

  Emosionele beheer of impulsbeheer is een van die belangrikste aspekte van emosionele intelligensie volgens De Klerk & Le Roux (2003:60). Die kleuter sal enige situasie met `n redelike mate van selfvertroue kan hanteer as hy/sy beheer oor sy/haar gevoelens het. Die kleuter het `n keuse hoe hy/sy sy/haar gevoelens hanteer en ook ten opsigte van sy/haar gedrag.

- Sosiale vaardighede

  Hierdie vaardighede kan ook "oorlewingsvaardighede" genoem word. De Klerk & Le Roux, (2003:77); asook Geldard & Geldard (2002:142) is van mening dat `n kind wat op elke gebeurlikheid voorberei is, soveel meer vertroue in hom/haarself het en in staat is om verskillende situasies die hoof te bied. Sosiale vaardighede gaan oor die aanleer van selfgelding, veral in `n gevaarlike situasie soos om `n strategie te ontwikkel teenoor `n boelie, bemagtiging van selfverdedigingsvaardighede en optrede teenoor vreemdelinge.

- Aanpasbaarheid

  Aanpasbaarheid is belangrik omdat dit die mens se vermoë behels om die teenslae van die lewe in die oë te kyk en dit te bowe te kom. Dit kan ook die kleuter versterk of selfs transformeer. Kleuters kan nie gebeure in hulle lewens beheer nie, maar

kan geleer word hoe om te kan kies en hoe om daarop te reageer of wat daaruit geleer kan word (De Klerk & Le Roux, 2003:81).

- Besluitneming en probleemoplossingsvaardighede
  Kleuters moet leer hoe om besluite te neem en verantwoordelikheid vir hul keuses te aanvaar. Dit is belangrik om kleuters probleemoplossingsvaardighede te leer wat ook gebruik kan word om geskille te besleg. Elke mens is verantwoordelik vir sy eie besluite wat weer eie verantwoordelikhede en gevolge meebring. (Vergelyk De Klerk & Le Roux, 2003:84; Geldard & Geldard, 2002:142; Van Jaarsveld, 2003:209.)

- Gemotiveerdheid en missie
  Kleuters moet gehelp word om hul doelwitte te identifiseer en geleer word hoe om gemotiveerd te bly om hierdie doelwitte te bereik. Kleuters moet geleer word om geloof in hulleself te hê, die vermoë om onsekerheid met selfvertroue te hanteer en te leer om doelgerig te wees in die lewe. (Vergelyk De Klerk & Le Roux, 2003:90; Neethling, 1999:97.)

Navorser meen dat indien die kleuter gehelp kan word om hulle lewens betekenisvol te ervaar, kan dit beteken dat die kleuter emosioneel intelligent is.

## 2.6 Speelgroep

### 2.6.1 Definisie van `n speelgroep

`n Speelgroep word volgens die Concise Oxford Dictionary (1996:914) omskryf as: “a group of preschool children who play regularly together at a particular place under supervision.”

“Pre-school playgroups are for young children to learn and play in small groups. They are registered and offer a range of fun activities for children and lots of opportunities to learn in addition to allowing time for free-play” (Stockton Direct, 2003:1).

### 2.6.2 Spesifieke rol van `n speelgroep

Die eerste pre-primêre skool of speelgroep wat die kleuter bywoon, meen Pieterse (2001:122) gaan vir die afsienbare toekoms, moontlik vir die res van sy/haar skoolloopbaan, `n kardinale rol speel in sy/haar houding jeens skool. Verder meen Pieterse (2001:121) dat die speelgroep sy eie spesifieke rol het om die kleuter voor te berei naamlik:

- om die kleuter se ontwikkeling in die eerste ses jaar af te rond en aan te vul voordat hy/sy die formele skoolloopbaan betree;
- om leemtes en agterstande wat daar nog bestaan tydens die daaglikse program deur evaluering te identifiseer;
- om geleenthede te skep om hierdie leemtes of agterstande aan te spreek; en
- om seker te maak dat die kleuter se ontwikkeling op alle gebiede – fisiek, intellektueel, emosioneel en sosiaal aan die norm vir sy/haar ouderdom voldoen.

Kwaliteitversorging tydens die kleuterjare, bepaal die uitkoms van sosialisering, aldus Botha et al. (2001:318). Kleuters wat lae kwaliteit sorg (net opgepas word) ontvang, is minder inskiklik en nie so geneig om selfbeheersing aan die dag te lê in vergelyking met kleuters wat hoë kwaliteit sorg (speelgroep met stimulering) ontvang nie. Dus is die kleuters wat lae kwaliteit sorg ontvang meer aggressief en minder taakgerig.

Hoë kwaliteit sorg hou verband met geborge gehegtheid aan die fasiliteerder en portuurbevoegdheid wat lei tot laer aggressie en meer komplekse spel. Vroeër taal-verwerwing, beter kommunikasie en ontwikkeling van sosiale vaardighede vind plaas, volgens Botha et al. (2001:318). Kleuters wat speelgroepe bywoon, word meer blootgestel aan sosialiseringsvereistes.

### 2.6.3 Bydrae wat `n speelgroep lewer tot die ontwikkeling van emosionele intelligensievaardighede

"In helping to create and maintain a society that value people, the emotional needs of children ought to be given priority in the learning situation" is die mening van Oaklander

(1988:311). Die speelgroep kan volgens Pieterse (2001:104-106) `n groot bydrae lewer tot die ontwikkeling van onder andere die volgende emosionele vaardighede by die kleuter:

- Probleemoplossing

  In die speelgroep word die kleuter geleer hoe om self sy/haar probleme op te los. Deur die doen van kreatiewe werk leer die kleuter beplan en deursettingsvermoë ontwikkel. Die beste manier van leer is deur die foute wat die kleuter gaan maak. Leer hom/haar om te dink deur byvoorbeeld vrae te vra, asook om keuses te maak en ook wat die gevolge van sy/haar keuses is (Pieterse, 2001:104). Verder meen Van Jaarsveld (2003:209) dat daar net een manier is waaop `n mens iets leer: Laat die kleuter dit self doen of probeer. Help die kleuter om `n probleem op te los maar moenie dit vir hom/haar oplos nie.

- Praat oor gevoelens

  Leer die kleuters om te praat oor hulle gevoelens. Kleuters moet van kleinsaf leer dat ander mense ook gevoelens het. Praat met die kleuters oor emosies. Hulle mag bang, kwaad of hartseer wees, maar ook opgeruimd en vrolik wees. Kleuters se emosionele vaardighede word veral tussen sy/haar speelmaats getoets. Kleuters moet geleer word om konflik in die speelgroep op `n hoflike manier te hanteer sonder om ander kleuters se menswaardigheid af te kraak. Kleuters leer ook so om sensitief te wees vir ander se gevoelens (Pieterse, 2001:106).

- Humor

  Humor meen Van Jaarsveld (2003:202) speel `n belangrike rol in die ontwikkeling van `n kind se sosiale bedrewenheid. `n Sin vir humor sal help om met ander oor die weg te kom en `n verskeidenheid van probleme te hanteer. Waar humor in die skool saam met positiewe gedrag gebruik word, word dit dikwels as `n leierskapvaardigheid gesien. Almal kan dit geniet om te lag en dit besorg vir hulle aanvaarding. Dit help ook om angs en konflik te hanteer. Boonop maak dit die dag plesieriger.

`n Sin vir humor ontwikkel saam met die kleuters se taalvaardighede. Verder meen Pieterse (2001:105) en navorser stem saam, dat hierdie natuurlike drang om te lag by die kleuter aangemoedig moet word en hulle geleer moet word dat die wêreld saam lag wanneer jy lag.

- Emosie is geslagloos

  Daar moet nie onderskeid getref word tussen die emosies wat seuns en dogters ervaar nie. Seuns ervaar emosies in dieselfde mate as dogters (Pieterse, 2001:106).

- Wedersydse respek

  Volgens navorser is die speelgroep van die beste plekke waar `n kleuter kan leer om van kleintyd af nie net na sy/haar eie behoeftes om te sien nie, maar ook na ander s`n. Die kleuters leer om ander mense te respekteer en konsidererend te wees met sy optredes (Pieterse, 2001:106; Van Jaarsveld, 2003:183).

- Dankbaarheid en nederigheid

  Leer die kleuters om dankaar te wees vir wat hy/sy het, en empatie te hê met die maatjies wat nie dieselfde voorregte as hy/sy geniet nie. Alle mense is nie dieselfde nie en almal kan nie alles ewe goed doen nie omdat elke mens anders gemaak is (Pieterse, 2001:106).

Net soos alle mense, het kleuters ander mense nodig om te kan lewe. Jong kinders moet leer om saam te werk, beurte te maak en te deel. Sosialisering word geleer en gebeur nie net op sig self nie. Dus is speelgroepe en kleuterskoolklasse volgens Faber & Van Staden (1997:30) die ideale milieu waarbinne sosialisering en emosionele ontwikkeling kan plaasvind. Dit word geleer deur die beskikbaarheid van `n belangstellende, ontvanklike, mededeelsame en spraaksame fasiliteerder.

### 2.6.4 Skoolgereedheid

Die speelgroep kan instrumenteel aangewend word om die kleuter emosioneel skoolgereed te maak. Aldus Pieterse (2001:103) en vergelyk Faber & Van Staden (1997:31), beteken emosionele skoolgereedheid dat die kleuter:

- bereid moet wees om van sy/haar ouers te skei;
- onafhanklik kan funksioneer (self toilet toe gaan en skoene vasmaak);
- hom/haarself in `n groep kan handhaaf;
- die bevrediging van sy/haar emosionele behoeftes uitstel (sy/haar beurt afwag);
- oor die nodige deursettingsvermoë om `n taak te voltooi beskik;
- onafhanklik kan dink wanneer hy/sy take uitvoer;
- verantwoordelikheid kan aanvaar;
- bereid wees om risiko`s te neem en nuwe situasie te hanteer;
- ontwikkeling en bewuswording van die gevolge van gedrag moet kan insien;
- bewus word en waardering van eie uniekheid moet besit; en
- herkenning van sukses en trotsgevoel op eie werk moet besit.

Vervolgens meen Faber & Van Staden (1997:30): "emotional intelligence development happens when the child comes to have knowledge, understanding and a positive acceptance of the self. This promotes the forming of a positive self-concept which means that the more adequate children feel, the more confident they are about learning and relating to others." Die belangrikheid van die voorskoolse jaar word deur Faber & Van Staden (1997:30) bevestig: "much of what is going to happen in the year will lead to the development of a positive or negative self-concept, and the ability to relate effectively or ineffectively to others."

Dus volgens Pieterse (2001:102) hou die bereiking van emosionele intelligensie-vaardighede die volgende implikasies vir die kleuter in:

- meededeelsaamheid;
- samewerking;
- wedersydse respek; en
- hulpvaardigheid.

Die aanleer van vaardighede wat verband hou met emosionele intelligensievaardighede beteken dat die kleuter gelukkig kan wees. Volgens navorser is `n gelukkige kleuter in staat tot enige emosionele en ander hoogtes. Die kleuter voel goed oor hom/haarself, dus verhoog sy/haar intelligensie, kognitiewe vaardighede, kreatiwiteit, empatiese en sosiale vaardighede wat lei tot `n suksesvolle lewe.

**2.7 Samevatting**

Dus, `n baie kort, feitlike opsomming van wat in die hoofstuk bespreek is:

- Die emosionele intelligensie ontwikkelingsteorieë van Erikson, Maslow en Piaget is genoem.

- Aspekte aangaande die ontwikkeling van die kleuter se emosionele intelligensie en riglyne waarvolgens die kleuters se emosionele intelligensievlak aan moet voldoen is die volgende:
    - bewustheid van emosies of selfbewussyn;
    - selfregulering;
    - motivering;
    - empatie;
    - bestuur van sosiale vaardighede; asook
    - kommunikasie as subveld van emosionele intelligensie vaardigheid.

- Die belangrikheid om emosionele intelligensie te ontwikkel is:
    - selfkennis en die gevoel van eiewaarde;
    - selfaanvaarding en selfgelding;
    - selfbewussyn en gevoelens;
    - kommunikasie as `n emosionele intelligensie vaardigheid;
    - empatie;
    - emosionele beheer;
    - sosiale vaardighede;
    - aanpasbaarheid;

  - besluitneming en probleemoplossings vaardighede; en
  - gemotiveerdheid en missie.

- Die volgende nadelige gevolge indien emosionele intelligensie nie ontwikkel word nie is:
  - dat kleuters `n gebrek aan basies, oordraagbare lewensvaardighede het;
  - hantering van woede of geskille kan nie positief besleg word nie; en
  - min of geen empatie, impulsbeheer of enige ander grondbeginsels van emosionele bekwaamheid bestaan.

In hoofstuk drie sal daar kortliks aandag gegee word aan die gestaltbenadering en verder op `n uiteensetting van die spelterapeutiese tegnieke gelet word wat benodig word om die emosionele intelligensievaardighede van kleuters te bevorder.